Vaalpark NG Kerk Geloofsfamilie

# Gebedsbulletin No. 43 van 2023

## 22 Oktober 2023

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Ons is nie slagoffers van versoekings nie

Eendag vra een van my vriende by die kerk vir ’n klein seuntjie in een van die Sondagskoolklasse hoekom hy so woelig is. Die seuntjie was nie op sy mond geval nie en antwoord dadelik: “Kan ek vir Oom ’n geheim vertel? Ek het myself geleer!” Daar het jy dit! Ons almal doen dit eintlik.

Dit is nie asof verkeerde dinge ons onverwags onderstebo loop nie. Jakobus skryf in hoofstuk 1 van sy brief dat ons elke keer kies om agter versoekings aan te hardloop. Ons laat toe dat ons gevangenes van sondige gedagtes, goor kyke en verkeerde gedrag word. Ons is nie willose slagoffers nie, maar aktiewe deelnemers wanneer ons verkeerde dinge doen. Hoe meer ons aan sulke dinge toegee, hoe makliker raak dit later. Ons gewete rek elke keer al hoe meer. Dan rasionaliseer ons later al wat ‘n sonde is met die verskoning dat almal dit tog doen. Of dat ons maar net mense is.

Wel, ons is nie willoos uitgelewer aan verkeerde dinge nie. Ons het keuses. Altyd! Ons moet toelaat dat die Gees van die Here ons lei. Ons moet keer dat versoekings ons in Jesus se Naam uitknikker. Ons moet anders dink, wegkyk en wegstap. Dan doen ons reg.

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Frik Blom
Maria Steyn
Ria Putter
Oom Sampie Swart
Tannie Martie de Beer
Jaco Steenkamp
Monty Pienaar
Tannie Marinda Jordaan
Louis Strauss
Heinrich Kotzé
Annika Killian
Sumari Pretorius
Leonie Kruger
James Vermaak
Albert Glockzin
Theuns Pelser
Jillian Jansen
Rudi Kruger
Willie Britz

Jaap Naude
Tilly van Huysen
Oom Cedric Wiegand
Flippie Roslee
Tannie Bets Coetzee
Talitha Prinsloo
Annatjie Pienaar

*Dink in gebed aan Heleen Lamont se kinders en familie met die afsterwe van Heleen Lamont.*




Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




